

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

November 2010 Nummer 99

INHOUDS OPGAWE

Het mense volgens die
Skrif regte? ...1

Navolging ...4

Openbare
geloofsbelydenis ...5

HET MENSE VOLGENS DIE SKRIF REGTE? – DEEL II

Ds E Viljoen

Bybelse invulling

My eerste artikel het ek geëindig met die stelling dat 'n Christen nie afstand hoef te neem van die gedagte van bepaalde "regte" wat mense sou hê nie. Die Ou Testament loop oor van die reg en geregtigheid wat gehandhaaf moet word. Die ballingskap van Israel was in geen geringe mate nie juis die gevolg van Israel se gevoelloosheid t.o.v. die reg van die wees en weduwees wat nie meer gehandhaaf is nie. Dit sou dus moontlik wees om sonder angstigheid deel te neem aan die hedendaagse gesprek oor die regte van mense. Die uitdaging is om die invulling vanuit die doelstellings en horisonne van die Skrif self konkreet te maak. Die uitstaande kenmerk van die modern verstaan van "regte", is dat individuele subjektiewe regte as "oorspronklik" beskou word en nie as 'n afgeleide van 'n groter saak nie. Die werklikheid waarmee ons te doen het, is 'n veelvoud van regte wat met mekaar versoen en in harmonie gebring moet word.

Die Ou Testamentiese taal van regte en geregtigheid, skets die omstandighede waaronder almal gesamentlik as samelewing in 'n goeie situasie kan wees. Hierdie gesamentlike situasie mag vir enige individu voordele maar ook nadele inhou, afhange van sy houding en ingesteldheid teenoor sy naaste. Ons moet baie versigtig wees om met eenen twintigste-eeuse oë bepaalde individuele "regte" in die Ou Testament te wil vind. Die stelsel van wat reg is in die Ou Testament pas nie altyd in die kategorieë waarmee humanistiese ideale vandag werk nie. Met name moderne individualisme, kan/mag moeilik in die Ou Testament "ingeles" word.

Nuwe Testament

Wanneer in die Nuwe Testament die woord "reg" in

vertalings gebruik word, is dit meesal 'n weergawe van die Griekse woord “*exousia*” (krag / gesag). “Krag / mag” in hierdie kontekste verwys nie na fisiese krag of mag nie, maar na die mag om wettig gesag uit te oefen – die “reg” om gesag uit te oefen. In die Nuwe Testament kan dit verwys na die Here God se mag oor die hele skepping (bv. Luk 12:5), Christus se gesag wat Hom deur die Vader gegee is (Matt. 28:18 – “aan my is alle “mag/reg” gegee), of ander gesag gegee aan owerhede of die apostels (bv. 1 Kor. 9:4 ev.). Wanneer hierdie gesag uitgeoefen word ten opsigte van iets of iemand spesifiek, sou ons dit inderdaad as 'n “reg” kon beskryf.

In 1 Korintiërs 6 en 7 beskryf Paulus hoe dit wat in ons tyd as “regte” beskou sou word, gebruik moet word. Hulle moet dit wat ons sal beskou as wetlike regte en vryhede, die reg om te trou of om 'n regsak teen iemand aan hange te maak, op 'n spesifieke manier mee omgaan. In hoofstuk 8 oorweeg hy selfs die reg om om te gaan met die eet en gebruik van voedsel wat aan afgode geoffer is. Later beskryf hy hoe hy as apostel (1 Kor. 9) sy “*exousia*” (reg/gesag/mag) op versorging en voedsel, nie uitgeoefen het nie. Terwyl hy alle reg hierop gehad het, het sy liefde vir die gemeente in Korinthe hom in staat gestel om hierdie regte nie af te dwing nie. Dit is baie belangrik om te sien dat Paulus nie een oomblik ontken het dat hierdie “regte” as apostel vir hom bestaan het nie. Die gemeente in Korinthe sou geen voet gehad het om op te staan, indien hulle hom finansiële versorging wou ontsê nie. Paulus beskryf juis sy liefde vir hulle hierin dat hy van dit wat ons vandag as bepaalde regte sou beskryf, afgesien het. Hy lê teenoor die Here verantwoording af van sy apostelskap deur te demonstreer hoe hy met sy regte in liefde omgegaan en gedien het.

As Christene kan ons daarom werk met die bestaan van bepaalde “regte”. Daar is egter 'n groter werklikheid waarbinne hierdie regte uitgeoefen word. Alles behoort aan die gelowige, maar ons behoort aan Christus en Christus aan God. Navoring van Christus stel die gelowige voor die verantwoordelikheid om te besin oor hoe omgegaan word met ons regte. Elkeen van ons gaan daarmee

om as mense wat self besit word deur Christus en daarom teenoor Hom verantwoording verskuldig is van hoe ek omgaan met die regte wat aan my toevertrou word.

Christene leef nie met 'n lewenshouding waardeur ons die grondslag van burgerlike wetgewing wil ondermyn nie. Die apostel Paulus het soms gelyk as uitgeworpene uit die samelewing, maar hy kon ewe goed as Romeinse burger aanspraak maak op sy regte; alles in diens van sy roeping as apostel tot eer van Christus en die diens aan 'n kwesbare kerk. Ware morele gesag kom nie deur die bestaan van bepaalde regte te ontken nie, maar wel deur dit alles te stel in diens van God se sending in hierdie wêreld. Christus het dit “geen roof geag om aan God gelyk te wees nie”, maar het nogtans in die gedaante van 'n dienskneg onder ons kom woon en leef. Dit lei tot sy verhoging op die troon van God as Messias.

Terwyl Paulus alle reg hierop gehad het, het sy liefde vir die gemeente in Korinthe hom in staat gestel om hierdie regte nie af te dwing nie

Die moraliteit van regte

Die argument dat die Bybel nie in terme van regte praat soos ons dit vandag ken nie en dat daarom die hele konsep van menseregte vreemd aan ons geloof is, is nie 'n baie sterk argument nie. Die vraag is nie of ons deur woordstudies sinonieme in die Ou-en/of Nuwe Testament kan vind nie.

'n Belangriker vraag is of die gesprekke oor regte enigsins inpas by 'n Christelike lewensbeskouing. Meerdere hedendaagse regte-gesprekke het duidelike klanke van egoïsme, losbandigheid en selfs vyandiggesindheid. Kortom, dit het 'n verwoording geword vir 'n lewenshouding wat spreek van 'n onchristelike ingesteldheid. In die manier waarop menseregte funksioneer, word dit diensbaar gestel aan individualisme teenoor gemeenskap, outonomie teenoor wedersydse diensbaarheid, en konfrontasie word aangewakker teenoor die soeke na 'n lewe vanuit konsensus.

'n Mens kan nie die pragtige blom van liefde hê sonder die blombol van geloof, nie.

- CH Spurgeon

Individualisme

Moderne denke oor regte gebruik as uitgangspunt die individu. Die taal van regte, is die taal waarin individuele belange bevoorreg word bo gemeenskaplike belange. In konstitusionele denke is die doel van regte dan ook juis die beskerming van die individu teen die regering wat oorywerig kan word om gemeenskaplike belange na te jaag. As voorbeeld kan ons die gemeenskaplike belang in nasionale veiligheid gebruik. Die najaag van nasionale veiligheid kan die individuele reg om die regering te bevraagteken in gedrang bring. Gevaarligte begin flikker wanneer regte hanteer word as meer belangrik as gemeenskaplike belange of wanneer die bestaan van gesamentlike belange selfs ontken word.

Outonomie en onderwerping

Outonomie en heteronomie word maklik teenoor mekaar gestel deur denke vanuit individuele regte. Outonomie is 'n manier om 'n stel reëls vir jouself daar te stel waarmee jou eie lewe beheer kan word. Heteronomie is onderlinge onderwerping aan mekaar. Die taal van regte het 'n natuurlike voorkeur vir outonomie, aangesien die aanspraak op 'n reg 'n natuurlike afskerming is teen 'n ander se inmenging in my lewe of teen 'n ander se aanspraak op my.

Moderne interpretasies van outonomie neig daarom daarna om in konflik te kom met moraliteit. Die rede hiervoor is dat outonomie gesien word as die wenslike kapasiteit om standarde van moraliteit vir jouself vas te stel. So word daar byvoorbeeld aanspraak gemaak op 'n reg "tot morele onafhanklikheid". Individuele regte identifiseer verder outomaties daardie aspekte van elkeen se lewe waarin die individu vry is om 'n eie moraliteit te vorm. Op hierdie manier word daar byvoorbeeld aanspraak gemaak op 'n reg tot pornografie, aangesien jy nie in die privaatheid van jou eie woning onderwerp mag wees (sic!) aan die wense van ander nie. Vryheid het hier 'n natuurlike tendens na morele losbandigheid.

Konflik en kompromie

Regte soos ons dit in die samelewing ken, is ontwikkel in die konteks van juridiese regspraak. Een van die belangrikste funksies van regspraak, is die oplossing van dispute. Dit gebeur gewoonlik in die Westerse wêreld nie deur onderhandeling en kompromie nie, maar deur die handhawing van bestaande regte van een van die partye. Wanneer regte geplaas word binne die morele sfeer, ly verhoudings met mense onderling byna noodwendig. Die rede hiervoor is dat verhoudings floreer wanneer mense mekaar gee waarop die ander geregtig is, maar ook spontaan selfs meer gee as bewys van goedgesindheid. Teenoor hierdie onderlinge insiklikheid, lei die aandrang op persoonlike regte tot onbuigsaamheid in onderlinge verhoudings. Elkeen het reg om te gee en te ontvang niks meer en niks minder as wat die reg vereis nie. Gegewe die sondigheid van mense, lei dit gedurig tot persoonlike konflikte.

Gevolgtrekking

Dit is geen illusie dat die taal van regte selfvernietigend en –verterend is nie. Wanneer alle aansprake op regte konsekwent deurgevoer word, lei dit noodwendig tot konflik. Die vryheid van regte kan nie losgemaak word van moraliteit nie. Verseker is daar 'n funksie en verstaan van regte wat spruit uit die wysheid van die Skrif en daarom 'n uiters belangrike morele funksie vervul. 'n Verantwoorde gebruik van die taal van regte sal wees om die mense te identifiseer wat aanspraak maak op spesifieke regte, en dan die verantwoordelikhede teenoor hierdie mense wat voortspruit uit die regte, te formuleer. Die reg wat die Here wil beskerm is die reg waarin ons wedersydse verantwoordelikhede teenoor mekaar nakom tot voordeel van gemeenskaplike belange.

Ek kan slegs sekerheid van geloof hê solank ek hierdie twee dinge tegelykertyd sien: al my sondeskuld, en al God se genade

- O Hallsby

NAVOLGING

“*Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.*” (Mattheus 16:24)

JP Versteeg

Die Christelike lewe kan op baie maniere gedefinieer word. Daar is een definisie wat in die Nuwe Testament uitstaan en dit is die beskrywing ‘*navolging*’. Christen-wees is om Jesus na te volg. Toe Jesus op die aarde was, het die ontmoetings wat Hy met allerhande mense gehad het telkens op een ding uitgehoop: ‘Volg My!’ Daar is selfs 69 tekste in die evangelies waar oor die navolging van Jesus gepraat word.

Dit verduidelik allereers, dat dit in die Christenskap nie gaan oor die navolging van *iets* nie, maar van *Iemand*. Christenskap word nie gekarakteriseer deur die navolging van ‘n bepaalde idee of ideaal nie, maar deur die navolging van ‘n Persoon. Die navolging van Jesus bepaal die Christenwees tot dit wat dit is.

Die navolging van Jesus het alles te doen met ‘n lewe hier en nou, soos Jesus dit geleef het. Tog is die navolging van Jesus iets anders – en iets meer – as die naboots van Jesus. Navolging en nabootsing mag nie gelyk gestel word aan mekaar nie.

Ons kan dink aan ‘n gids wat by ‘n gevaarlike ekspedisie in die berge voorloop. ‘n Groep ondersoekers volg die gids. Die mense wat agter die gids aanloop volg presies dieselfde pad as die gids, maar tog op ‘n ander manier. Die gids wys nie net die weg nie, hy baan ook die weg. Al loop al die mense in so ‘n groep wat met ‘n gids deur die berge trek, almal dieselfde pad, het die gids in die groep ‘n eie en unieke plek.

Dieselfde geld vir die navolging van Jesus. Jesus behou daarby ‘n eie en unieke plek.

Wanneer ons die beeld van die gids voor oë hou, blyk die woord ‘navolging’ veral drie elemente te bevat.

Die eerste element is die van *afhanklikheid*. Die

mense wat ‘n gids volg doen dit in voortdurende afhanklikheid van daardie gids. As hulle die gids uit die oog verloor, loop hulle hulle heeltemal vas. Hulle kan nie ‘n tree gee sonder die gids nie. By die navolging van Jesus is ons ook voortdurend op Hom aangewys. Geen mens kan op eie krag die weg van Jesus gaan nie. Dit kan ons net regkry wanneer ons Hom voortdurend in die oog hou.

Die tweede element in die woord ‘navolging’ is die van *vertroue*. Die mense wat ‘n gids volg doen dit in die volste vertroue dat die gids op hoogte is van elke besonderheid van die gebied waardeur hulle wil stap. Dat jy ‘n gids volg bewys jou vertroue in hom. Ons kan nie vir Jesus volg sonder om Hom te vertrou nie - ons vertrou dat Hy ons ook vandag in ons omstandighede op die regte pad sal laat gaan.

Christenskap word nie gekarakteriseer deur die navolging van ‘n bepaalde idee of ideaal nie, maar deur die navolging van ‘n Persoon

Die derde element in die woord ‘navolging’ is die van *gehoorsaamheid*. Mense wat ‘n gids volg moet ook let op sy aanwysings. As hulle dit nie doen nie het die navolging geen sin nie. Mense wat hulle nie steur aan die aanwysings van die gids nie, gaan hom sommerk gou verloor. Ook by die navolging van Jesus is dit belangrik dat ons let op sy aanwysings. Om Jesus te volg is niks anders nie as om na sy stem te luister.

As mens so daarna kyk is die navolging van Jesus nie juis ‘n maklike opdrag nie. Dit is nie verniet dat Jesus in die evangelies juis in verband met die navolging van Hom, ook praat oor die opneem van ons kruis nie. Die beleving van die afhanklikheid van Jesus, die vertroue in Hom en die gehoorsaamheid aan Hom, kan nie plaasvind sonder dat ons die kruis van selfverloëning opneem nie.

Ons moet telkens besluite neem. Ons staan telkens voor die keuse van watter pad ons sal inslaan. En elke keer sê Jesus weer vir ons: ‘Volg My!’

Preserve me, o God, from such eyeservice as would keep my soul in bondage to men and my will a slave to the opinions of men. Amen - G Miller

OPENBARE GELOOFSBELYDENIS

B Luiten

Hoekom is dit eintlik so dat ek voor in die kerk gaan staan om my geloof te bely? Dié vraag word gereeld gevra, vanuit allerlei agtergronde. Vir die een is dit 'n stresvolle ervaring en vir die ander is dit 'n formele geleentheid. 'n Derde sê: "Ek glo al lankal en die Here weet dit mos. Hoekom moet ek dan nog daar gaan staan?"

Hierdie aarseling is verstaanbaar. Die tyd waarin die geyske paadjies sonder kommentaar gevolg word, is verby. Jongmense wil weet wat hulle doen en hoekom. Daarom vra hulle uit daarvoor. Hulle is heeltemal reg hierin. Dit gaan oor hul geloof, hulle belydenis en hulle moet heelhartig daarmee kan saamstem. Dus: hoekom gebeur dit voor in die kerk? Hoekom is 'n gesprek met die kerkraad nie voldoende nie?

Dalk sou dit so ook kan gebeur, maar tog is dit vir ons mooier soos wat dit nou is. As jy dink aan wat jy met jou ja-woord doen, kan al die aarseling soos sneeu voor die son verdwyn.

Bruilof

Die "ja" vir God kan jy vergelyk met die "ja" op jou troudag. Dit is die beste vergelyking denkbaar, want God vra na die liefde van ons hart. Jesus noem ons sy bruid. *Wil jy aan God behoort soos wat 'n bruid haar toevertrou aan haar bruidegom?* As daar miskien 'n spoor van formalisme sou wees, sou dit hier verdwyn. Want dit is so persoonlik soos wat 'n mens maar kan kry. Liefde van hart tot hart. God sê "ja", wat sê jy? Het jy dit al gesê?

Glo jy dit al lankal? Maar dit kan mos nie 'n beswaar wees nie! In die meeste verhoudings werk dit so dat die liefde groei en dat jy dit gereeld vir mekaar sê. Jy leer mekaar ken, jy kom agter dat julle na mekaar toe groei. Dit word nie ontken op die troudag nie, intendeel! Dit word as vanselfsprekend aanvaar. Die liefde begin nie op daardie oomblik nie, maar dit word verseël, in 'n

lewenslange verbond.

So is daar ook op die dag van jou openbare geloofsbelydenis 'n tydperk agter jou waarin jy God leer ken het. "Uitgaanstyd" is dalk nie heeltemal die regte woord hiervoor nie. Maar dit is wel 'n beweging na die keuse van jou lewe. As jy ontdek wat genade is en hoe diep dit is, kan jy dit as 'n besondere verbondenheid ervaar. Hierin leer jy die Here persoonlik meer en meer ken. Dan het jy al dikwels daarvoor gedank en jou liefde aan Hom verklaar voordat jy in die kerk staan. Tog dring dit alles, op een of ander manier, na 'n sekere oomblik waarop jy jou keuse openbaar maak. 'n Keuse, wat vasgelê word voor God en die mense. Want dit gaan oor God se trouverbond. God se "ja" in die doop was ook so dat elkeen dit kon sien en hoor. Dit is nie geheimsinnig nie, dit deurtrek die hele lewe. Soos wat 'n huwelik bekend wil wees, so is ook jou band met God: "ons behoort bymekaar en niemand mag tussen my en God kom nie."

Die liefde begin nie op daardie oomblik nie, maar dit word verseël, in 'n lewenslange verbond.

Stresvol?

Is dit stresvol om so voor in die kerk te staan? Ja, 'n bietjie. Tog is daar min bruidspare wat om dié rede daarvan afsien om te trou. As jy daarvoor nadink is dit eintlik meer ontspannend. Jou belofte is belangrik en dit mag jy ook voel. Maar tog gryp jy jou vas aan die feit dat God jou wil dra. Hy wil jou met alles help, sodat jy nooit iets alleen hoef te doen nie. As jy dit besef, verloor jy alle spanning.

Ek ken 'n predikant wat baie senuweeagtig was toe hy vir die eerste keer moes preek, totdat iemand vir hom gesê het dat hy mooi moes luister na sy eerste sin: "Ons hulp is in die Naam van die Here..." Daar het jy dit! Solank as wat jy dink dat jy dit self moet doen, is jy senuweeagtig. As jy dink dat jou belofte volmaak moet wees, is jy so gespanne soos 'n snaar. Maar as jy jou mag toevertrou aan die God wat jou volledig ken, dan val daar 'n las van jou skouers af. Is dit nie merkwaardig dat 'n mens so vol kan wees

Die idee dat ons geluk kan vind sonder heiligheid is die grootste misleiding van ons eeu

- G Miller

van jou eie belofte, dat jy skaars hoor wat die ander sê nie? In die voorbereiding vir 'n troue, kan dit soms 'n openbaring wees wanneer ek dit noem. Die persoon wil sy hele hart lê in sy aanstaande troubelofte, en dit is natuurlik ook baie goed. Maar hoor hy ook wat die ander persoon sê, en wat hy daarin ontvang: lewenslange hulp, liefde en trou? En hou hy daarmee rekening? Kry dit ook 'n plek? En hoe?

Ons is aktiewe mense. Dit is makliker om te doen as om te ontvang. Tog is hierdie ontvang so wesenlik dat jy die ander regtig moet toelaat in jou lewe. Om te 'doen' kan baie oormoedig gebeur, maar om te 'ontvang' moet jy jouself oopstel. Jy moet dit waag om kwesbaar te wees. Slegs dan kan jy gehelp word, dan kan dinge werk. Dit werk so tussen mense.

Tog dring dit alles, op een of ander manier, na 'n sekere oomblik waarop jy jou keuse openbaar maak. 'n Keuse, wat vasgelê word voor God en die mense

Dit geld nog meer as jy belydenis van jou geloof aflê. Jou keuse vir God is belangrik, wat jy daarmee sê en doen. So mag jy daarvoor voel. Maar dit is veral belangrik dat jy wil ontvang wat Jesus vir jou wil wees. Dus moet jy baie goed na sy belofte luister en dit in jou denke integreer. Slegs dan kan jy gehelp word, dan kan dinge werk. Vir almal wat ooit 'n trouverbond gesluit het, of dit met God of met mense is, is dit lewenslang die fokuspunt: om die ander regtig binne te laat kom, om al die deure van jou lewe oop te maak. Anders word dit baie stresvol. Dan kan jy doen wat jy wil vir die ander persoon, maar jy kan dit nie volhou nie. En dit terwyl daar soveel ontspanning kan wees in geborgenheid, aanvaarding en liefde.

Die gemeente handel

Die gemeente wil graag getuie wees daarvan. Hulle wil om jou heen staan, hulle wil jou God se seën toesing en vir jou bid. So laat hulle jou, in die Naam van Jesus, toe aan die voorsmaak van die

bruilofsmaal.

Ja, dit doen die gemeente self. Die kerkraad gee leiding hierin, hy spreek en ondersoek. Maar op hierdie manier is die gemeente self aktief. Sy is die bruid, sy wil in alles gerig wees op haar Heer en slegs in hierdie gesindheid kan jy deel wees daarvan. Daarom is die mees geskikte plek om jou geloof te bely in die erediens. Want as die gemeente bymekaar kom in God se Naam, dan handel sy in die Naam van God, met sy volmag. Die gemeente aanvaar jou, sy gee jou 'n plek aan die tafel waar Jesus die gasheer is.

As jy dit beseft, wil jy hierdie manier van belydenis doen nie inruil vir 'n ander manier nie. Intendeel, dan beseft jy juis baie goed wat die gemeente eintlik is. Jy wil deel wees van hierdie gemeente, al is daar menslikerwys gesien baie wat skort by hulle. Want hier is God, hier word gehandel en gespreek in die naam van God. Hier word die sleutels van die hemelse koninkryk bedien. Dalk gebeur dit nog op 'n gebrekkige manier, maar tog sal die regte pad na God en met God hier verkondig word. Wat hier in die naam van Jesus vergewe word, dit is ook in die hemel vergewe. Wie hier in die naam van Jesus aanvaar word, is aanvaar, vir nou en vir later (Joh. 20:21-23).

Dit word natuurlik nie gesê om God in ons handeling op te sluit nie. Dit kan ons nooit doen nie. Maar ons word wel daaraan herinner dat die almagtige God daarvoor gekies het om die gemeente in sy Naam te laat handel. Hy het aan die gemeente sy sleutels toevertrou, daarom is die erediens uniek en onvervangbaar.

In lewe en in sterwe

Daar is nie een vergelyking wat volmaak is nie. Ook nie die een tussen die belydenis en die aardse bruilof nie. Want God se trouverbond is baie meer. Dit kom treffend na vore by die belydenisvraag: "Belowe jy om by die belydenis van hierdie leer te bly in lewe en in sterwe?"

Dit vra ons nie op die troudag nie. Daar vra ons vir trou vir die hele lewe, totdat die dood die skeiding

Om God se wil te soek, is om dit te vind

- Vinet

bring. Die huwelik gaan nie verder as dit nie, dit hou daar op. Maar die trouverbond met God hou nie daar op nie! Dit is wonderlik om te sien en indrukwekkend om te bely. As jy gaan sterf, bly jy dan nog op Hom vertrou? Al is jy dalk nog jonk, al het jy heeltemal ander planne en verlangens. Wil jy dan tog nog na die Bruidegom gaan as Hy jou roep? Vertrou jy jou lewe aan Hom toe, hoe Hy jou ook lei, op die aarde of na die hemel? Ja, as jy so iets beloof is dit 'n groot ding!

Dit is die antwoord waarop Jesus wag en wat Hy telkens weer wil hoor. Laat dit die hart van jou gebed wees. Dit is die antwoord op Golgota waarop die trouverbond rus. Dit is die antwoord op jou doop waarin God vir ewig met jou gespreek het.

Selfs ons trane van berou moet nog in die bloed van die Lam gewas word

- J Bridges